

# Skilpad tot die redding!

Alice Inzikuru
Afrikaans






Eendag was daar twee vriende, Skilpad en Slang.




Op 'n dag het Skilpad vir Slang gesê, "Kom ons gaan swem." Slang sê toe, "Dis reg, maar ek weet nie hoe om te swem nie." "Ek sal jou leer," sê Skilpad.


Altwee is toe saam na die swembad. "Wie gaan eerste in die water klim?" het Skilpad gevra.

"Jy gaan eerste en dan sal ek vir jou kyk," het Slang gesê.




Skilpad is toe eerste in die swembad in. Slang het van die trappe af gekyk.






Na 'n ruk het Slang in die swembad ingeklim soos wat Skilpad instruksies gegee het.

Skilpad en Slang het aan die vlakkant bly swem.






Hulle het begin dryf op die water.

Soos hulle besig was om te dryf, het Skilpad begin rugslag swem.
Terwyl Slang vir Skilpad naboots, het Slang begin verdrink omdat hy homself nie kon bo hou nie.



Nadat Skilpad agter gekom het Slang is weg, het Skilpad haastig onder die water gegaan en Slang se lewe gered.






So gou as wat Skilpad uit die water gekom het, het hy vir Slang onderstebo gedraai, sodat hy kon ontslae raak van die water wat hy gesluk het.



Uiteindelik het Skilpad die mond-tot-mond metode gebruik om van nog water ontslae te raak.

# Skilpad tot die redding!

Writer: Alice Inzikuru
Illustration: Alice Inzikuru
Translated By: Briania Doust
Language: Afrikaans



© African Storybook Initiative, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY 4.0) Version 4.0 International Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative